Rianie Strydom, wenner van die Drienasies-wynuitdaagkompetisie.
Foto: LEÁNNE STANDER

SA wyn wen in Australië

LEON LOUW
Kaapstad

Die Stellenbosse wynkelder Haskell Vineyards het in Sydney, Australië, vermag wat geen Suid-Afrikaanse kelder nog ooit kon regkry nie, naamlik om die wenwyn in die jaarlikse Drienasies-wynuitdaagkompetisie op te lewer.

Die Haskell Pillars Syrah 2007 het ook die medalje gewen vir die shiraz wat die meeste punte behaal het, asook die trofee vir die beste rooiwyn op die skou. Geen Suid-Afrikaanse rooiwyn kon voorheen hier hond haaraf maak nie.

In die jaarlikse kompetisie tussen Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië het 321 wyne in 13 klasse op uitnodiging meegeding, met tot 30 wyne per klas.

Die wynmaker, Rianie Strydom, het gisteraand die pryse in Sydney ontvang. "Die tydsberekening was puik, want die kelder se nuwe Haskell-reeks, wat uit die wenwyn en die Haskell Aeon Syrah 2007 bestaan, word in November uitgereik," het sy gesê.

Haar man, Louis Strydom, wynmaker van Ernie Els Wines, het ook onlangs in die International Wine Challenge in Londen presteer.

Mnr. Grant Dodd, 'n vennoot in Haskell Vineyards, het gesê hulle werk reeds vyf jaar lank aan hierdie projek.